



Verwysing: 20210422-2467
Lêerno.: 12/2/13/6
Navrae: B le Keur

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0003/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

Onderwerp: Aanlynbestelling van skryfbehoeftes in die 2021/22-boekjaar vir alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

1. Skole word hiermee in kennis gestel van die eerste aanlyn geleentheid vanaf 24 Mei tot 04 Junie 2021 om skryfbehoeftes vir gebruik in 2022 te bestel.
2. Hierdie minuut moet saamgelees word met Omsendbrief 0030/2020 van 25 September 2020.
3. Skole word hiermee ingelig dat die twee afsonderlike kontrakte wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) gesluit is om skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels, tuinmaak- en elektriese voorrade te bestel, op 30 September 2020 verstryk het. Die WKOD het voorts 'n nuwe driejaarkontrak vir skryfbehoeftes met Masiqhame Trading 1057 CC gesluit vir die tydperk 01 Mei 2020 tot 30 April 2024.
4. Let asseblief dat die kontrak BWCED 2875/20, vir die voorsiening en aflewering van skryfbehoeftes, aan die voorafgenoemde diensverskaffer toegeken is en dus sal die WKOD namens nie-artikel 21 gewone openbare skole bestellings vir die verlangde skryfbehoeftes by hierdie gekontrakteerde verskaffer plaas:

Masiqhame Trading 1057 CC
Posternweg 4
EDGEMEAD
Wes-Kaap
7441

Telefoonnommer: 021 558 9947
E-pos: masiqhametrading@lantic.net
Kontakpersoon: Mnr. G Daniels

5. Riglyne sal op SOBIS gelaai word om die vaslegging en aftekening van skryfbehoeftes te verduidelik.
6. Skole kan net aanlynbestellings vir die items op die aangehegte katalogusse (hierby aangeheg) plaas. Hierdie katalogus is slegs vir een jaar geldig, d.w.s. tot 30 April 2022.
7. Let asseblief dat die kontrak vir skryfbehoeftes nie die voorsiening en aflewering van drukkassette en kopieerpapier bied nie. Hierdie items, sowel as ander items, wat nie op die katalogus uiteengesit is nie, sal afsonderlik aangevra word deur kwotasies wat deur die Geïntegreerde Verkrygingsoplossing aangekoop word. Skole moet nie later nie as 28 Mei 2021 rekwisies (WKOD-026-vorms) in hierdie opsig aan die kantoor vir leer- en onderrigondersteuningsmateriaal stuur vir die aandag van mnr. Bernard Stoffels (tel. 021 467 2345/e-pos Bernard.Stoffels@westerncape.gov.za).
8. Daar sal van skole verwag word om hul norme-en-standaarde (N&S)-befondsing vir plaaslike aankope te gebruik om al hul skryfbehoeftes te dek. Daarom is dit baie belangrik dat skole noukeurig beplan hoe hulle hul N&S-befondsing gaan bestuur om die beskikbaarheid van voldoende fondse vir hul behoeftes te verseker. Ten einde skole in hierdie opsig te help, word die bevestiging van bestellings en die waarde daarvan na skole gestuur soos hul bestellings geprosesseer word.
9. Skole word aangemoedig om hierdie geleentheid te gebruik om al hul skryfbehoeftes vir 2022 te bestel.
10. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke amptenare.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2021-05-06